DIE PROVINSIE TRANSVAAL

# Offisiële Koerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

THE PROVINCE OF TRANSVAAL

# Official Gazette

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

VOL. 196.] PRYS 5c. PRETORIA, 23 FEBRUARIE 23 FEBRUARY 1966. PRICE 5c. [No. 3197.

## PROVINSIALE RAAD VAN TRANSVAAL.

### VAKATURE IN DIE KIESAFDELING LOSBERG.

Ooreenkomstig artikel *honderd ses-en-sewentig*, gelees met artikel *honderd vyf-en-sewentig*, van die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, 1946 (Wet No. 46 van 1946), verklaar ek hiermee dat, weens die bedanking van mnr. Sybrand Gerhardus Johannes van Niekerk op 14 Februarie 1966, daar 'n vakature in die verteenwoordiging van die kiesafdeling Losberg in die Provinsiale Raad ontstaan het.

J. T. DE LANGE,
Klerk van die Provinsiale Raad, Transvaal.

Provinsiale Raad,
Pretoria, 15 Februarie 1966.

P.R. 20/2/15.

## PROVINCIAL COUNCIL OF TRANSVAAL.

### VACANCY IN THE ELECTORAL DIVISION OF LOSBERG.

Pursuant to section *one hundred and seventy-six*, read with section *one hundred and seventy-five*, of the Electoral Consolidation Act, 1946 (Act No. 46 of 1946), I hereby declare that, on account of the resignation of Mr. Sybrand Gerhardus Johannes van Niekerk on the 14th February, 1966, a vacancy has occurred in the representation in the Provincial Council of the Electoral Division of Losberg.

J. T. DE LANGE,
Clerk of the Provincial Council, Transvaal.

Provincial Council,
Pretoria, 15th February, 1966.

P.C. 20/2/15.

## PROVINSIALE RAAD VAN TRANSVAAL.

### VAKATURE IN DIE UITVOERENDE KOMITEE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Uitvoerende Komitee van die Provinsie Transvaal op 15 Februarie 1966, weens die bedanking van mnr. Sybrand Gerhardus Johannes van Niekerk as lid van die Uitvoerende Komitee, mnr. Karel Stephanus de Haas, L.P.R., benoem het om in die Uitvoerende Komitee te dien hangende 'n verkiesing deur die Provinsiale Raad.

J. T. DE LANGE,
Klerk van die Provinsiale Raad en van die Uitvoerende Komitee, Transvaal.

P.R. 20/3.

## PROVINCIAL COUNCIL OF TRANSVAAL.

### VACANCY IN THE EXECUTIVE COMMITTEE.

It is hereby notified for general information that the Executive Committee of the Province of Transvaal on 15th February, 1966, by reason of the resignation of Mr. Sybrand Gerhardus Johannes van Niekerk as a member of the Executive Committee, appointed Mr. Karel Stephanus de Haas, M.P.C., to serve on the Executive Committee pending an election by the Executive Committee.

J. T. DE LANGE,
Clerk of the Provincial Council and of the Executive Committee, Transvaal.

P.C. 20/3.

No. 39 (Administrateurs-), 1966.]

## PROKLAMASIE

DEUR DIE WAARNEMENDE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal die Munisipaliteit van Boksburg 'n versoekskrif, ingevolge die bepalings van artikel *vier* van die „Local Authorities Roads Ordinance, 1904," ingedien het om die proklamering tot 'n publieke pad van 'n verbreding van 'n seker pad in die Munisipaliteit Boksburg geleë;

En nademaal daar aan die bepalings van artikel *vyf* van genoemde Ordonnansie voldoen is en geen besware teen die proklamering van die genoemde pad ingedien is nie;

En nademaal dit dienstig geag word dat die genoemde pad geproklameer moet word;

So is dit dat ek, kragtens en ingevolge die bevoegdhede wat by artikel *vier* van genoemde Ordonnansie, gelees met artikel *tagtig* van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, aan my verleen word, hierby die pad soos omskryf in die bygaande Bylae en soos aangedui op Kaart L.G. No. A. 3065-64 tot 'n publieke pad proklameer.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die Negende dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Ses-en-sestig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Waarnemende Administrateur van die Provinsie Transvaal.

T.A.L.G. 10/3/8/23.

No. 39 (Administrator's), 1966.]

## PROCLAMATION

BY THE DEPUTY-ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas the Municipality of Boksburg has petitioned, under the provisions of section *four* of the Local Authorities Road Ordinance, 1904, for the proclamation, as a public road, of a certain widening of a road situated in the Municipality of Boksburg.

And whereas the provisions of section *five* of the said Ordinance have been complied with and no objections to the proclamation of the said road have been lodged;

And whereas it is deemed expedient that the said road should be proclaimed;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section *four* of the said Ordinance, read with section *eighty* of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, I do hereby proclaim as a public road the road as described in the Schedule hereto, and as shown on Diagram S.G. No. A. 3065/64.

Given under my Hand at Pretoria this Ninth day of February, One thousand Nine hundred and Sixty-six.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Deputy-Administrator of the Province of Transvaal.

T.A.L.G. 10/3/8/23.

13—0030199

BYLAE.

MUNISIPALITEIT BOKSBURG.—PROKLAMERING VAN PAD.

*Omskrywing van pad.*

'n Verbreding van Railwaystraat, aan die noordelike kant deur 'n strook grond van ongelykmatige breedte wat strek van die westelike grens van die Boksburg-Benoni-Hospitaal tot aan Trichardtsweg, en aan die suidelike kant deur twee onreëlmatige gedeeltes grond wat tussen die bestaande Railwaystraat, Trichardtsweg en die Germiston/Springs-spoorlyn lê, soos meer volledig uiteengesit op Kaart L.G. No. A. 3065/64.

SCHEDULE.

BOKSBURG MUNICIPALITY.—PROCLAMATION OF ROAD.

*Description of Road.*

A widening of Railway Street, at the northern side by a strip of ground of an unevenly width that runs from the western boundary of the Boksburg-Benoni-Hospital to Trichardts Road, and on the southern side through two unevenly portions of ground situated between the existing Railway Street, Trichardts Road and the Germiston/Springs-railway line, as more fully described on diagram S.G. No. A. 3065/64.

No. 40 (Administrateurs-), 1966.]

## PROKLAMASIE

DEUR DIE WAARNEMENDE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal magtiging aan die Administrateur by subartikel (1) van artikel *sewe* van die Wet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1940 (Wet No. 21 van 1940), soos gewysig, verleen word om enige openbare pad of enige gedeelte van 'n openbare pad tot 'n boubeperkingspad te verklaar;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdhede aan my verleen, hierby verklaar dat die pad genoem in die bygaande Bylae met ingang van die datum hiervan, 'n Boubeperkingspad is ooreenkomstig die bepalings van genoemde subartikel van artikel *sewe* van genoemde Wet.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Tweede dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Ses-en-sestig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Waarnemende Administrateur van die Provinsie Transvaal.

D.P. 021-025-23/22/0188, Vol. IV.

BYLAE.

| *Grootpad No.* | *Beskrywing van pad.* | *Status.* |
|---|---|---|
| 0188...... | Begin by die aansluiting met pad P39-1 op die plaas Nietgedacht No. 535-J.Q., en van daar in 'n algemene noordwestelike rigting oor die plase Nietgedacht No. 535-J.Q., Nooitgedacht No. 534-J.Q., Bultfontein No. 533-J.Q., Botesdal No. 529-J.Q., Lindley No. 528-J.Q., tot by die noordelikeg rens van die plaas Lindley No. 528-J.Q., distrik Krugersdorp | Administrateurskennisgewings Nos. 524, 525 en 526 van 21 Julie 1965. |

No. 40 (Administrator's), 1966.]

## PROCLAMATION

BY THE DEPUTY-ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas, in terms of sub-section (1) of section *seven* of the Advertising on Roads and Ribbon Development Act, 1940 (Act No. 21 of 1940), as amended, the Administrator is empowered to proclaim any public road or any section of a public road to be a building restriction road;

Now, therefore, under the powers vested in me, I do hereby declare that the road appearing in the subjoined Schedule shall as from the date hereof be a Building Restriction Road in accordance with the said sub-section of section *seven* of the aforementioned Act.

Given under my Hand at Pretoria on this Second day of February, One thousand Nine hundred and Sixty-six.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Deputy-Administrator of the Province of Transvaal.

D.P. 021-025-23/22/0188, Vol. IV.

SCHEDULE.

| *Mainroad No.* | *Description of Road.* | *Status.* |
|---|---|---|
| 0188..... | Commencing at its junction with Road P39-1, on the farm Nietgedacht No. 535-J.Q., and proceeding thence in a general north-westerly direction over the farms Nietgedacht No. 535-J.Q., Nooitgedacht No. 534-J.Q., Bultfontein No. 533-J.Q., Botesdal No. 529-J.Q., Lindley No. 528-J.Q., to the Northern boundary of the farm Lindley No. 528-J.Q., District of Krugersdorp | Administrator's Notices Nos. 524, 525 and 526 of 21st July, 1965 |

No. 41 (Administrateurs-), 1966.]

## PROKLAMASIE

DEUR DIE WAARNEMENDE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal ingevolge subartikel (1) van artikel *vier-en-dertig* van die Ordonnansie tot Instelling van 'n Gesondheidsraad vir Buite-Stedelike Gebiede, 1943, die Administrateur bevoeg is om die Gesondheidsraad vir Buite-Stedelike Gebiede tot 'n plaaslike bestuur te verklaar ten opsigte van dorpe gestig voor 31 Mei 1943;

En nademaal dit wenslik geag word dat die Gesondheidsraad vir Buite-Stedelike Gebiede tot 'n plaaslike bestuur verklaar word ten opsigte van dorpe gestig voor 31 Mei 1943;

So is dit dat ek kragtens en ingevolge die bevoegdhede aan my verleen by subartikel (1) van artikel *vier-en-dertig* van die Ordonnansie tot Instelling van 'n Gesondheidsraad vir Buite-Stedelike Gebiede, 1943, by hierdie Proklamasie die Gesondheidsraad vir Buite-Stedelike Gebiede tot 'n plaaslike bestuur verklaar ten opsigte van die dorpe genoem in die bygaande Bylae.

No. 41 (Administrator's), 1966.]

## PROCLAMATION

BY THE DEPUTY-ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas in terms of sub-section (1) of section *thirty-four* of the Peri-Urban Areas Health Board Ordinance, 1943, the Administrator is empowered to declare the Peri-Urban Areas Health Board to be a local authority in respect of townships established prior to 31st May, 1943.

And whereas it is deemed expedient that the Peri-Urban Areas Health Board be declared a local authority in respect of certain townships established before 31st May, 1943;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *thirty-four* of the Peri-Urban Areas Health Board Ordinance, 1943, I do by this my Proclamation declare the Peri-Urban Areas Health Board to be a local authority in respect of the townships mentioned in the Schedule hereto.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Vierde dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Ses-en-sestig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Waarnemende Administrateur van die Provinsie Transvaal.

T.A.L.G. 16/23.

BYLAE.

DORPE TEN OPSIGTE WAARVAN DIE GESONDHEIDSRAAD VIR BUITE-STEDELIKE GEBIEDE TOT 'N PLAASLIKE BESTUUR VERKLAAR IS.

Atholl Uitbreiding No. 1, Buccleuch, Clayville, Clewer, Dunkeld-Wes Uitbreiding No. 1, Eloff, Grasmere, Halfweghuis, Kelvin, Kosmos, Marlboro Uitbreiding No. 1, Schoemansville, Schoemansville Uitbreiding No. 1, Viewcrest en Wierda Valley.

Given under my Hand at Pretoria on this Fourth day of February, One thousand Nine hundred and Sixty-six.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Deputy-Administrator of the Province of Transvaal.

T.A.L.G. 16/23.

SCHEDULE.

TOWNSHIPS IN RESPECT OF WHICH THE PERI-URBAN AREAS HEALTH BOARD HAS BEEN DECLARED A LOCAL AUTHORITY.

Atholl Extension No. 1, Buccleuch, Clayville, Clewer, Dunkeld-West Extension No. 1, Eloff, Grasmere, Halfway House, Kelvin, Kosmos, Marlboro Extension No. 1, Schoemansville, Schoemansville Extension No. 1, Viewcrest and Wierda Valley.

No. 42 (Administrateurs-), 1966.]

## PROKLAMASIE

DEUR DIE WAARNEMENDE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal die Gesondheidsraad vir Buite-Stedelike Gebiede aansoek gedoen het om die uitbreiding van die grense van die gebied van die Plaaslike Gebiedskomitee van Halfway House;

En nademaal die Raad aan die bepalings van subartikel (4) van artikel *een-en-twintig* van die Ordonnansie tot Instelling van 'n Gesondheidsraad vir Buite-Stedelike Gebiede, 1943, voldoen het;

So is dit dat ek, kragtens en ingevolge die bevoegdhede wat by daardie artikel aan my verleen word by hierdie proklamasie verklaar dat die grense van die gebied van die Plaaslike Gebiedskomitee van Halfway House uitgebrei word deur die insluiting van die gebied omskryf in die Bylae hiervan.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Elfde dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Ses-en-sestig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Waarnemende Administrateur van die Provinsie Transvaal.

T.A.L.G. 16/4/1/4.

BYLAE.

PLAASLIKE GEBIEDSKOMITEEGEBIED VAN HALFWAY HOUSE.—BESKRYWING VAN GEBIED INGELYF.

1. Gedeelte 2 (Kaart L.G. No. A.5804/51) van die plaas Allandale No. 10—I.R., groot 978·4091 morg.
2. Die resterende gedeelte van die plaas Allandale No. 10—I.R., groot 917·9648 morg, *vide* Kaart L.G. No. A.5803/51.

No. 42 (Administrator's), 1966.]

## PROCLAMATION

BY THE DEPUTY-ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas the Peri-Urban Areas Health Board has applied for the extension of the boundaries of the Halfway House Local Area Committee Area;

And whereas the Board has applied with the provisions of sub-section (4) of section *twenty-one* of the Peri-Urban Areas Health Board Ordinance, 1943;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by that section I do by this my proclamation proclaim that the boundaries of the Halfway House Local Area Comittee Area shall be extended by the inclusion therein of the area described in the Schedule hereto.

Given under my Hand at Pretoria on this Eleventh day of February, One thousand Nine hundred and Sixty-six.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Deputy-Administrator of the Province of Transvaal.

T.A.L.G. 16/4/1/4.

SCHEDULE.

HALFWAY HOUSE LOCAL AREA COMMITTEE AREA.—DESCRIPTION OF AREA INCORPORATED.

1. Portion 2 (Diagram S.G. No. A.5804/51) of the farm Allandale No. 10—I.R., in extent 978·4091 morgen.
2. The remaining extent of the farm Allandale No. 10—IR., in extent 917·9648 morgen, *vide* Diagram S.G. No. A.5803/51.

## ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS.

Administrateurskennisgewing No. 128.] [23 Februarie 1966.

VERLEGGING EN VERBREDING VAN DISTRIKSPAD No. 261, DISTRIK AMERSFOORT.

Hiermee word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, ná ondersoek en verslag deur die Padraad van Amersfoort, goedgekeur het dat Distrikspad No. 261 oor die plase Vyfhoek No. 335—I.T. Vaalbankspruitdrift No. 334—I.T., Vlakfontein No. 376—I.T., Knelpoort No. 368—I.T. en Elandsberg No. 370—I.T., distrik Amersfoort, ingevolge paragraaf (*d*) van subartikel (1) van artikel *vyf* en artikel *drie* van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), verlê en na 80 Kaapse voet verbreed word, soos op bygaande sketsplan aangetoon.

D.P. 051-056-23/22/261 Vol. II.

## ADMINISTRATOR'S NOTICES.

Administrator's Notice No. 128.] [23 February 1966.

DEVIATION AND WIDENING OF DISTRICT ROAD No. 261, DISTRICT OF AMERSFOORT.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Amersfoort, that District Road No. 261 traversing the farms Vyfhoek No. 335—I.T., Vaalbankspruitdrift No. 334—I.T., Vlakfontein No. 376—I.T., Knelpoort No. 368—I.T. and Elandsberg No. 370—I.T., District of Amersfoort, shall be deviated and widened to 80 Cape feet, in terms of paragraph (*d*) of sub-section (1) of section *five* and section *three* of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), as indicated on the subjoined sketch plan.

D.P. 051-056-23/22/261 Vol. II.




| VERWSING | | REFERENCE |
|---|---|---|
| Pad geopen | ━━━ | Road opened |
| Pad verbreed | ━━━ | Road widened |
| Pad gesluit | ------ | Road closed |
| Bestaande paaie | ═══ | Existing roads |

Administrateurskennisgewing No. 129.] [23 Februarie 1966.

## OPHEFFING VAN SKUT OP DIE PLAAS MURCHISON No. 427, DISTRIK POTGIETERSRUS.

Dit behaag die Administrateur om, ingevolge artikel *vyf* van die „Schutten Ordonantie", No. 7 van 1913, goedkeuring te heg aan die opheffing van die skut op die plaas Murchison No. 427, distrik Potgietersrus.

T.A.A. 10/1/181.

Administrator's Notice No. 129.] [23 February 1966.

## DISESTABLISHMENT OF POUND ON THE FARM MURCHISON No. 427, DISTRICT OF POTGIETERSRUS.

The Administrator is pleased, in terms of section *five* of the Pounds Ordinance, No. 7 of 1913, to approve the disestablishment of the pound on the farm Murchison No. 427, District of Potgietersrus.

T.A.A. 10/1/181.

Administrateurskennisgewing No. 130.] [23 Februarie 1966.

## VERKIESING VAN LID.—SKOOLRAAD VAN POTCHEFSTROOM.

Dr. Johann Bernard Jordaan, Tandarts, van Posbus 282, Carletonville, is verkies tot lid van bogenoemde raad en het sy amp aanvaar op 23 November 1965.

Administrator's Notice No. 130.] [23 February 1966.

## ELECTION OF MEMBER.—POTCHEFSTROOM SCHOOL BOARD.

Dr. Johann Bernard Jordaan, Dentist, of P.O. Box 282, Carletonville, has been elected as a member of the above-mentioned board and assumed office on 23rd November, 1965.

Administrateurskennisgewing No. 131.] [23 Februarie 1966.

## MUNISIPALITEIT POTCHEFSTROOM.—WYSIGING VAN STADSAALVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel *nege-en-negentig* van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Stadsaalverordeninge van die Munisipaliteit Potchefstroom, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 352 van 2 Mei 1956, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:—

1. Deur na artikel 30 die volgende in te voeg:—

„*Intrekking van besprekings.*

30 *bis.* 'n Bespreking van die stadsaal of van 'n vertrek of ander geriewe daarvan vir enige bepaalde datum word ingetrek en die gelde, wat daarvoor betaal is, aan die huurder terugbetaal op skriftelike aansoek by die Stadsklerk 30 (dertig) volle dae vóór sodanige datum."

2. Deur na artikel 34 die volgende in te voeg:—

„*Gebruik vir munisipale doeleindes is kosteloos.*

34. *bis.* Geen gelde word gehef vir die gebruik van die stadsaal of enige vertrek daarvan deur die Raad vir doeleindes van die Raad of deur 'n amptenaar van die Raad vir munisipale doeleindes nie."

T.A.L.G. 5/94/56.

Administrator's Notice No. 131.] [23 February 1966.

## POTCHEFSTROOM MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO TOWN HALL BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section *ninety-nine* of the said Ordinance.

Amend the Town Hall By-laws of the Potchefstroom Munisipality, published under Administrator's Noice No. 352, dated the 2nd May, 1956, as amended, as follows:—

1. By the insertion after section 30 of the following:—

"*Cancellation of Engagements.*

30. *bis.* An engagement of the town hall or of a room or any other conveniences thereof for any fixed date shall be cancelled and the amount paid therefor refunded to the hirer on written application to the Town Clerk 30 (thirty) clear days prior to such date."

2. By the insertion after section 34 of the following:—

"*Use for Municipal Purposes Free of Charge.*

34. *bis.* No charges shall be levied for the use of the town hall or any room thereof by the Council for purposes of the Council or by an official of the Council for municipal purposes."

T.A.L.G. 5/94/56.

Administrateurskennisgewing No. 132.] [23 Februarie 1966.

## OPENING.—DISTRIKSPAD No. 2057, DISTRIK PIET RETIEF.

Hiermee word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, ná ondersoek en verslag deur die Padraad van Piet Retief, goedgekeur het dat 'n openbare pad, 80 Kaapse voet breed, wat 'n verlenging is van Distrikspad No. 2057, sal bestaan op die plase Honingkloof No. 43—H.U., Schaapkraal No. 20—H.U., Warmbad No. 18—H.U. en Pipeklipberg No. 21—H.U., distrik Piet Retief, ingevolge paragraaf (*b*) van subartikel (1) van artikel *vyf* en artikel *drie* van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), soos op bygaande sketsplan aangetoon.

D.P. 051-054-23/22/2057.

Administrator's Notice No. 132.] [23 February 1966.

## OPENING.—DISTRICT ROAD No. 2057, DISTRICT OF PIET RETIEF.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Piet Retief, that a public road, 80 Cape feet wide, which is an extension of District Road No. 2057, shall exist on the farms Honingkloof No. 43—H.U., Schaapkraal No. 20—H.U., Warmbad No. 18—H.U. and Pipeklipberg No. 21—H.U., District of Piet Retief, in terms of paragraph (*b*) of sub-section (1) of section *five* and section *three* of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), as indicated on the subjoined sketch plan.

D.P. 051-054-23/22/2057.




Administrateurskennisgewing No. 134.] [23 Februarie 1966.

## OPENING.—OPENBARE DISTRIKSPAD, DISTRIK WATERBERG.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, ná ondersoek en verslag deur die Padraad van Waterberg, ingevolge paragrawe (*b*) en (*c*) van subartikel (1) van artikel *vyf* en artikel *drie* van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), goedgekeur het dat 'n openbare distrikspad, 30 Kaapse voet breed, oor die plaas Wolvenfontein No. 645—L.Q., distrik Waterberg, soos aangetoon op bygaande sketsplan, sal bestaan.

D.P. 01-014-23/22/2132.

Administrator's Notice No. 134.] [23 February 1966.

## OPENING.—PUBLIC DISTRICT ROAD, DISTRICT OF WATERBERG.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Waterberg, in terms of paragraphs (*b*) and (*c*) of sub-section (1) of section *five* and section *three* of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), that a public and district road, 30 Cape feet wide, shall exist over the farm Wolvenfontein No. 645—L.Q., District of Waterberg, as indicated on the sketch plan subjoined hereto.

D.P. 01-014-23/22/2132.




Administrateurskennisgewing No. 133.] [23 Februarie 1966.

## VERLEGGING EN VERBREDING.—OPENBARE PAD, DISTRIK WATERBERG.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, ná ondersoek en verslag deur die Padraad van Waterberg, ingevolge paragraaf (*d*) van subartikel (1) van artikel *vyf* en artikel *drie* van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), goedgekeur het dat Distrikspad No. 2132 oor die plase Bulgerivier No. 198—K.Q., Mooifontein No. 150—K.Q., Onverwacht No. 149—K.Q., Wolvenfontein No. 645—L.Q., Toulon No. 643—L.Q. en Sterkfontein No. 642—L.Q., distrik Waterberg, verlê en verbreed word na 80 Kaapse voet soos aangetoon op bygaande sketsplan.

D.P. 01-014-23/22/2132.

Administrator's Notice No. 133.] [23 February 1966.

## DEVIATION AND WIDENING.—PUBLIC ROAD, DISTRICT OF WATERBERG.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Waterberg, in terms of paragraph (*d*) of sub-section (1) of section *five* and section *three* of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), that District Road No. 2132, traversing the farms Bulgerivier No. 198—K.Q., Mooifontein No. 150—K.Q., Onverwacht No. 149—K.Q., Wolvenfontein No. 645—L.Q., Toulon No. 643—L.Q. and Sterkfontein No. 642—L.Q., District of Waterberg, shall be deviated and widened to 80 Cape feet as indicated on the sketch plan subjoined hereto.

D.P. 01-014-23/22/2132.




Administrateurskennisgewing No. 135.] [23 Februarie 1966.

## VERLEGGING EN VERBREDING VAN DISTRIKSPAD No. 271, DISTRIK PIET RETIEF.

Hiermee word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, ná ondersoek en verslag deur die Padraad van Piet Retief, goedgekeur het dat Distrikspad No. 271 oor die plase Edelgesteente No. 440—I.T., Edenburg No. 439—I.T., Waterval Drift No. 438—I.T., Tafelkoppies No. 497—I.T. en Versameling No. 506—I.T., distrik Piet Retief, ingevolge paragraaf (*d*) van subartikel (1) van artikel *vyf* en artikel *drie* van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), verlê en na 80 Kaapse voet verbreed word, soos op bygaande sketsplan aangetoon. D.P. 051-054-23/22/271 Vol. II.

Administrator's Notice No. 135.] [23 February 1966.

## DEVIATION AND WIDENING OF DISTRICT ROAD No. 271, DISTRICT OF PIET RETIEF.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Piet Retief, that District Road No. 271, traversing the farms Edelgesteente, No. 440—I.T., Edenburg No. 439—I.T., Waterval Drift No. 438—I.T., Tafelkoppies No. 497—I.T. and Versameling No. 506—I.T., District of Piet Retief, shall be deviated and widened to 80 Cape feet, in terms of paragraph (*d*) of sub-section (1) of section *five* and section *three* of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), as indicated on the subjoined sketch plan. D.P. 051-054-23/22/271 Vol. II.



Administrateurskennisgewing No. 136.] [23 Februarie 1966.

## VERLEGGING EN VERBREDING VAN DISTRIKSPAD No. 620, DISTRIK BETHAL.

Hiermee word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, ná ondersoek en verslag deur die Padraad van Bethal, goedgekeur het dat Distrikspad No. 620 oor die plase Kafferstad No. 79—IS., Caley No. 77—I.S., Alexander No. 102—I.S. en Witrand No. 103—I.S., distrik Bethal, ingevolge paragraaf (*d*) van subartikel (1) van artikel *vyf* en artikel *drie* van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), verlê en verbreed word na 80 Kaapse voet soos op bygaande sketsplan aangetoon word.

D.P. 051-056-23/22/620 Vol. II.

Administrator's Notice No. 136.] [23 February 1966.

## DEVIATION AND WIDENING OF DISTRICT ROAD No. 620, DISTRICT OF BETHAL.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Bethal, that District Road No. 620, traversing the farms Kafferstad No. 79—I.S., Caley No. 77—I.S., Alexander No. 102—I.S. and Witrand No. 103—I.S., District of Bethal, shall be deviated and widened to 80 Cape feet, in terms of paragraph (*d*) of sub-section (1) of section *five* and section *three* of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), as shown on the subjoined sketch plan.

D.P. 051-056-23/22/620 Vol. II.




Administrateurskennisgewing No. 138.] [23 Februarie 1966.

## OPENBARE PAD.—VERMEERDERING VAN BREEDTE, DISTRIK DELMAS.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, ingevolge artikel *drie* van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), goedkeuring verleen het dat die breedte van die gedeelte van Distrikspad No. 1059 oor die plase Brakfontein No. 264—I.R., en Haverklip No. 265—I.R., distrik Delmas, vermeerder word van 50 Kaapse voet na 100 Kaapse voet, soos op bygaande sketsplan aangetoon.

D.P. 021-022-23/22/1059.

Administrator's Notice No. 138.] [23 February 1966.

## PUBLIC ROAD.—INCREASE OF WIDTH, DISTRICT OF DELMAS.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved in terms of section *three* of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), that the width of that portion of District Road No. 1059 traversing the farms Brakfontein No. 264—I.R., and Haverklip No. 265—I.R., District of Delmas, shall be increased from 50 Cape feet to 100 Cape feet, as indicated on the sketch plan subjoined hereto.

D.P. 021-022-23/22/1059.




Administrateurskennisgewing No. 137.] [23 Februarie 1966.

## VERBREDING VAN DISTRIKSPAD No. 1730, DISTRIK BETHAL.

Hiermee word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, ná ondersoek en verslag deur die Padraad van Bethal, goedgekeur het dat Distrikspad No. 1730 oor die plase Bekkersrust No. 423—I.S. en Klipfontein No. 422—I.S., distrik Bethal, ingevolge die bepalings van artikel *drie* van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), van 50 Kaapse voet na 80 Kaapse voet verbreed word, soos op bygaande sketsplan aangedui.

D.P. 051-056-23/22/1730 Vol. II.

Administrator's Notice No. 137.] [23 February 1966.

## WIDENING OF DISTRICT ROAD No. 1730, DISTRICT OF BETHAL.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Bethal, that District Road No. 1730 traversing the farms Bekkersrust No. 423—I.S. and Klipfontein No. 422—I.S., District of Bethal, shall be widened from 50 Cape feet to 80 Cape feet, in terms of section *three* of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), as indicated on the subjoined sketch plan.

D.P. 051-056-23/22/1730 Vol. II.




Administrateurskennisgewing No. 139.] [23 Februarie 1966.

## PADREËLINGS OP DIE PLAAS VROLYKHEID No. 180, REGISTRASIE-AFDELING I.O., DISTRIK DELAREYVILLE.

Met die oog op 'n aansoek ontvang van mnr. W. J. van Rensburg om die verlegging van 'n openbare pad op die plaas Vrolykheid No. 180, Registrasie-afdeling I.O., Distrik Delareyville, is die Administrateur voornemens om ooreenkomstig artikel *agt-en-twintig* van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), op te tree.

Alle belanghebbendes is bevoeg om binne dertig dae vanaf die datum van verskyning van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, hulle besware by die Streeksbeampte, Transvaalse Paaiedepartement, Privaatsak 928, Potchefstroom, skriftelik in te dien.

Ooreenkomstig subartikel (3) van artikel *nege-en-twintig* van genoemde Ordonnansie word dit vir algemene inligting bekendgemaak dat indien enige beswaar gemaak word, maar daarna van die hand gewys word, die beswaarmaker aanspreeklik gehou kan word vir die bedrag van R10 ten opsigte van die koste van 'n kommissie wat aangestel word ooreenkomstig artikel *dertig* as gevolg van sulke besware.

D.P. 07-075D-23/24/V. 4.

Administrator's Notice No. 139.] [23 February 1966.

## ROAD ADJUSTMENTS ON THE FARM VROLYKHEID No. 180, REGISTRATION DIVISION I.O., DISTRICT OF DELAREYVILLE.

In view of an application having been made by Mr. W. J. van Rensburg for the deviation of a public road on the farm Vrolykheid No. 180, Registration Division I.O., District of Delareyville, it is the Administrator's intention to take action in terms of section *twenty-eight* of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957).

It is competent for any person interested to lodge his objection in writing with the Regional Officer, Transvaal Roads Department, Private Bag 928, Potchefstroom, within thirty days of the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette*.

